# 30 *Woensdag*

**SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 9:1 – 10:5**
**FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 9:1-56**

**Abimelek – Selfgerigte optrede lei altyd tot sonde en smart**

Die behoefte aan 'n koning het klaar in die harte van die volk geleef. Hierin sien Abimelek 'n goue geleentheid vir homself. Miskien het die betekenis van sy naam alreeds sy ambisie verwoord. Sy naam beteken: my vader is koning.

Die trant van die geskiedenis word hier verander. In plaas daarvan dat God iemand roep om die volk te lei, laat kies Abimelek homself tot koning. In die proses pleeg hy bedrog en moord. Die enigste oorblywende seun van Gideon profeteer egter dat hierdie optrede van Abimelek tot sy ondergang gaan lei.

Hierop volg 'n geskiedenis van verskriklike chaos in die volkslewe. Daar is onderlinge verraad, aanvalle en moord op onskuldige mans en vroue. Die mense wat hom verkies het, draai teen Abimelek en hy moet na alle kante veg om sy selfaangestelde posisie te behou.

Sy magsug en hebsug het hom ingehaal en dit lei tot altyd groter wordende sondes. God laat dit egter nie ongestraf nie en 'n vrou laat val 'n maalklip op sy kop en sy wapendraer maak hom dood. Sy selfgerigte lewe het hom ingehaal.

Die Here waarsku ons hier teen selfgerigte optrede in ons lewe – selfs onder die dekmantel van 'n gewaande roeping. Daarteenoor het Christus ons geleer wat ware diens en roeping beteken. Toe die duiwel Hom 'n valse koningskap aangebied het, het Hy geweier. Hy het geweet die pad van selfverloëning is die enigste pad van 'n ware koning.

Is jy bereid om jouself te verloën vir jou huweliksmaat, vir jou gesin, jou gemeente en jou medemens? Wie sy lewe om Christus ontwil verloor, sal dit vind.

*Sing: Psalm 25:1*

*Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*